education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

GESKIEDENIS V1

MODEL 2007

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n addendum van 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE vrae gebaseer op die voorgeskrewe inhoudraamwerk vir 2007, wat soos volg is:

   VRAAG 1: Uitdagings vir Kapitalisme
   VRAAG 2: Krisis van Kapitalisme
   VRAAG 3: Mededingende Nasionalismes en Identiteite in Afrika

2. Elke vraag tel 75 punte en begin met 'n sleutelvraag.

3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord. Elke vraag bestaan uit brongebaseerde vrae wat 45 punte tel en die langer skryfwerk wat 30 punte tel.

4. Kandidate se antwoorde moet die toepassing van kennis, vaardighede en insig demonstreer.

5. Om regstreeks uit bronne aan te haal, sal tot kandidate se nadeel strek.

6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

WATTER UITDAGINGS MOES LENIN IN DIE STIGTING VAN 'N KOMMUNISTIESE STAAT OORKOM?

Gebruik Bronne 1A, 1B, 1C, 1D en 1E om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Definieer die volgende historiese begrippe deur Bronne 1A, 1B en jou eie kennis te gebruik:

1.1.1 Oorlogskommunisme (2 x 2) (4)

1.1.2 Nuwe Ekonomiese Beleid (2 x 2) (4)

1.2 Verduidelik, met verwysing na Bronne 1A en 1B, hoe die implementering van Oorlogskommunisme en die Nuwe Ekonomiese Beleid verskil het. (4 x 2) (8)

1.3 Verwys na Bronne 1A en 1C. Hoekom, dink jy, sou teenstaanders van Oorlogskommunisme die beleid gekritiseer het? (2 x 2) (4)

1.4 Hoekom, volgens Bronne 1A, 1C en 1D, het Lenin besluit om Oorlogskommunisme te laat vaar? (3 x 1) (3)

1.5 Gebruik Bron 1E.

1.5.1 Hoekom was getroue kommuniste ontevrede met die Nuwe Ekonomiese Beleid? (3 x 1) (3)

1.5.2 Watter bewyse in die bron is 'n aanduiding dat die Nuwe Ekonomiese Beleid 'n sukses was? (3 x 1) (3)

1.6 Volgens Bron 1E, wat dink jy het Lenin bedoel toe hy gesê het dat die Kronstadt-opstand 'die weerligstraal was wat die realiteit geopenbaar het'? (2 x 2) (4)

1.7 Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1D Lenin se stelling in Bron 1E dat die Kronstadt-opstand 'die weerligstraal was wat die realiteit geopenbaar het', ondersteun. (3 x 2) (6)

1.8 Deur van AL die bronne en jou eie kennis gebruik te maak, verduidelik watter EEN van Lenin se beleide (Oorlogskommunisme of die Nuwe Ekonomiese Beleid) meer gewild was. (6)

1.9 LANGER SKRYFWERK
(Jou antwoord moet ongeveer 2 bladsye lank wees.)

1.9.1 Evalueer Lenin se ekonomiese beleide van Oorlogskommunisme en die Nuwe Ekonomiese Beleid (NEB). (30)

OF

1.9.2 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis om te verduidelik hoe jy dink 'n kleinboer, 'n lid van die Kommunistiese Party en 'n industriële werker op Oorlogskommunisme en die NEB sou gereageer het. (30)
[75]

VRAAG 2

WATTER IMPAK HET DIE GROOT DEPRESSIE VAN 1929 OP DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GEHAD?

Gebruik Bronne 2A, 2B en 2C om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Verduidelik die volgende begrippe:

(a) Geharde Individualisme (2 x 2) (4)
(b) Bloeijare (Goue Jare) (2 x 2) (4)

2.1.2 Wat sou jy as die kern van Hoover se verkiesingstoespraak beskou? (2)

2.1.3 Wat, volgens Hoover, was van die faktore wat Amerika welvarend gemaak het? (3 x 1) (3)

2.1.4 Verduidelik hoekom immigrante in die 1920's tot die VSA aangetrokke sou gevoel het. (4 x 1) (4)

2.1.5 Hoe, dink jy, sou die gesegde ' 'n hoender in elke pot en twee motors in elke motorhuis', die kiesers beïnvloed het? (2 x 2) (4)

2.1.6 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om die volgende te verduidelik:

(a) Of 'n kapitalis Hoover sou ondersteun het (2 x 2) (4)

(b) Waarom jy dink 'n kommunis Hoover sou gekritiseer het (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bronne 2A en 2B.

2.2.1 Watter boodskap word deur die woorde van die liedjie in Bron 2A oor die sosio-ekonomiese toestand in die VSA oorgedra? (1 x 3) (3)

2.2.2 Verduidelik jou reaksie op die liedjie in die lig van Hoover se beloftes in Bron 2A. (1 x 2) (2)

2.2.3 Die liedjie het baie gewild geword en die Republikeine wou dit verban. Verduidelik of dit geregverdig kan word. (1 x 3) (3)

2.3 Verwys na Bronne 2A en 2C.

2.3.1 Vergelyk Bronne 2A en 2C. Verduidelik waarom jy dink Hoover 'n swak dromer as leier was. (2 x 2) (4)

2.3.2 Op watter wyse, sou jy sê, is die probleme wat in Bron 2C genoem word, deur die inligting in Bron 2A veroorsaak? (2 x 2) (4)

2.4 LANGER SKRYFWERK
(Jou antwoord moet ongeveer 2 bladsye lank wees.)

2.4.1 Bespreek die oorsake en gevolge van die Groot Depressie van 1929 in die VSA. (30)

OF

2.4.2 Deur AL die bronne en jou eie kennis te gebruik, skryf 'n verslag vir jou skool se geskiedenistydskrif en verduidelik waarom Hoover se sukses in 1928 tot sy ondergang in 1932 gelei het. (30)
[75]

VRAAG 3

WATTER INVLOED HET AFRIKA- EN AFRIKANERNASIONALISME OP SUID-AFRIKAANSE POLITIEK IN DIE 1930's GEHAD?

Gebruik Bronne 3A, 3B en 3C om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Hoe beskryf Gilbert Coka die stryd om Afrika-vryheid? (1 x 3) (3)

3.1.2 Watter bydrae het die 'groot seuns van Afrika', soos Booker Washington, Tsjaka en Langalibalele, in die verkryging van Afrika-vryheid gelewer? (2 x 3) (6)

3.1.3 Verduidelik of hierdie bron vir 'n historikus wat hierdie tydperk bestudeer, nuttig is. (1 x 2) (2)

3.1.4 Hoe, dink jy, sou 'n geslagsaktivis op Coka se siening van Afrika-nasionalisme reageer? (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Verduidelik of die stelling, 'Afrika is 'n swartman se land ... Afrika behoort aan hulle', geregverdig was. (2 x 2) (4)

3.2.2 In watter opsig verskil Bron 3B van Bron 3A oor die onderwerp Afrika-nasionalisme? (2 x 2) (4)

3.2.3 Wat is die verband tussen Indië, Indonisië en Afrika-nasionalisme? (2 x 2) (4)

3.3 Nadat Bronne 3A, 3B en 3C bestudeer is, verduidelik die konsep *nasionalisme*. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bron 3C.

3.4.1 Hoe het die eeufeesvieringe rondom die herdenking van die Groot Trek tot Afrikaner-nasionalisme bygedra? (1 x 2) (2)

3.4.2 Hoekom het die ossewa 'n simbool met 'n spesiale betekenis vir Afrikaners geword? (2 x 2) (4)

3.4.3 Watter historiese inligting het die voorblad van die 1938-program oor die Groot Trek geïllustreer? (2 x 2) (4)

3.5 Deur na Bronne 3A en 3C te verwys, verduidelik of daar enige ooreenkomste tussen Afrika-nasionalisme en Afrikanernasionalisme is, wat geregverdig kan word. (2 x 2) (4)

3.6 LANGER SKRYFWERK
(Jou antwoord moet ongeveer 2 bladsye lank wees.)

3.6.1 Anton Lembede (eerste President van die ANC Jeugliga, 1943), het gesê dat 'Afrika die swartman se kontinent is en dat dit Afrikane se plig was om hulself reg te ruk en terug te eis wat regmatig hulle s'n was'.

[Geneem uit: *Inkundla ya Banti* getiteld *Afrika is 'n swartman se land*]

Met verwysing na die bogenoemde, bespreek waarom Anton Lembede se stelling belangrik vir Afrikane was om hulself reg te ruk en terug te eis wat regmatig hulle s'n was. (30)

OF

3.6.2 Bespreek die verskillende redes vir die opkoms van Afrikaner-nasionalisme in die 1930's. (30)
[75]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

GESKIEDENIS V1

MODEL 2007

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

WATTER UITDAGINGS MOES LENIN IN DIE STIGTING VAN 'N KOMMUNISTIESE STAAT OORKOM?

BRON 1A

'n Uittreksel oor Oorlogskommunisme uit *Russia and the USSR 1905 - 1956* deur N Kelly.

Gedurende die Burgeroorlog het Lenin 'n beleid van oorlogskommunisme ingestel. Die regering het beheer oor die ekonomie oorgeneem. Dit was noodsaaklik dat die Rooi Leër van die wapens en voedsel wat dit nodig gehad het, voorsien word om die oorlog doeltreffend te voer. Alhoewel oorlogskommunisme effektief was om die leër van die nodige te voorsien, het dit tot wydverspreide hongersnood onder die kleinboere ('peasants') en werkers van Rusland gelei.

Lenin het die Opperraad van Nasionale Ekonomie gestig om oorlogskommunisme bekend te stel. Privaat handel is verban en daar is gelas dat winsmakery op uitbuiting neergekom het. Fabrieke wat meer as tien werkers gehad het, is deur die regering oorgeneem en streng dissipline is in hierdie fabrieke toegepas. Stakings was onwettig. In die landelike gebiede is die kleinboere aangemoedig om nog harder te werk. Die regering het die surplusoeste wat die kleinboere gekweek het, geneem om die fabriekwerkers en die leër te voed. Dit het tot groot ongelukkigheid onder die kleinboere gelei. Hulle het hul reg om hul eie grond te besit onder die Kommunistiese regering gekry, maar wou nou wins daaruit maak deur hulle oeste te verkoop. Hulle kon nie insien waarom hulle hul oortollige oeste aan die regering moes afstaan nie. Die regering het ook geldtariewe ('money charges') op dienste soos die spoorweë en die poswese afgeskaf. Dit het hulle gedoen om die gebruik van ruilhandel ('bartering'), in plaas van geld, aan te moedig. Aangesien inflasie die roebel amper waardeloos gemaak het, het baie kleinboere goedere onderling verruil, in plaas daarvan om papiergeld te gebruik.

BRON 1B

'n Uittreksel oor die Nuwe Ekonomiese Beleid uit *Russia in Revolution* deur J Robertson.

In Maart 1921 het Lenin die einde van Oorlogskommunisme en die aanvang van 'n Nuwe Ekonomiese Beleid (NEB) aangekondig. Die grondslag van die NEB was:

- Die einde van rekwisisies van die kleinboere en die vervanging daarvan met 'n vaste belasting in goedere (graan) - wat teen 1924 'n geldbelasting geword het. As hierdie belasting eers betaal was, kon die kleinboer doen wat hy wou met wat oorgebly het. Hy kon dit self opgebruik, dit aan die staat verkoop, of dit op die ope mark verkoop, wat intussen gewettig is.
- Privaat ondernemerskap is in die handel en in klein industrieë toegelaat.
- Die stelsel van verpligte arbeid is gestaak; die arbeidleërs is ontbind en bonusse is vir ekstra werk ingestel.
- Die geldeenheid is op 'n gesonde grondslag teruggeplaas en 'n gereeld belasting-stelsel is ingestel.
- Grootskaalse nywerhede (steenkool, yster, staal, olie, elektrisiteit, spoorweë), het steeds onder beheer van die staat gebly.

BRON 1C

'n Uittreksel oor Oorlogskommunisme uit *Russia and the USSR 1905 - 1995* deur T Downey.

Die gevolg van hierdie Oorlogskommunisme was chaos. Kleinboere het geweier om die voedsel te oorhandig, of het eenvoudig nie die oeste geplant wat hulle geweet het gevat sou word nie. Baie mense het nie genoeg rantsoene ontvang om 'n bestaan te voer nie. Die situasie in die fabrieke was net so chaoties, met bestuurders wat oorsee gevlug het en werkers wat geweier het om vir hongerlone te werk.

Teen 1921 het hongersnood uitgebreek. Nywerheidsproduksie het tot een sewende van die 1913-vlak gedaal. Daar word geraam dat 3,5 miljoen mense net aan ingewandekoors beswyk het. Met die ekonomie op sy knieë, inflasie buite beheer en die land wat in die greep van hongersnood was, het die kleinboere hulle vir die omverwerping van Kommunisme beywer. Hulle het teen die leër en die CHEKA in opstand gekom. Lenin was so besorgd hieroor dat hy gesê het: 'Ons hou skaars uit.' Die Bolsjewieke het nogmaals vrees as 'n wapen ingespan. Hulle het hulle wil afgedwing deur dorpenaars bymekaar te maak en hulle in groepe dood te skiet; dorpe is ook in die ban gedoen ('sent into exile').

Hulle het egter met 'n ernstiger opstand te doen gekry toe die matrose by Kronstadt in 1921 gemuit het en op groter politieke en ekonomiese vryheid aangedring het. Die matrose is voorheen altyd as die getrouste ondersteuners van die Bolsjewieke beskou. Alhoewel Trotski en die Rooi Leër die opstand onderdruk het, het die Party besef dat as selfs hulle lojaalste ondersteuners teen hulle in opstand kom, dit tyd was om die beleidsrigtings wat hulle ondersteuners tot opstand gedryf het, te verander.

BRON 1D

'n Uittreksel oor die Kronstadt-opstand in *Russia in Revolution* deur J Robertson.

Die belangrikste faktor wat Lenin oorreed het om van Oorlogskommunisme af te sien, was die opstand van die matrose van die Baltiese Vloot by die Kronstadt-vlootbasis. Hierdie matrose het 'n deurslaggewende rol sowel in die November-rewolusie as die Burgeroorlog gespeel en is 'die trots en glorie van die Revolusie' genoem. In Maart 1921 het hulle egter teen die onderdrukking en groeiende diktatorskap van die Sowjet-regering in opstand gekom, wat volgens hulle 'van die oorspronklike ideale van die Rewolusie afgedwaal het en die vrugte daarvan van die werkers en kleinboere in wie se naam dit gemaak is, weggeneem het.

Hulle het op nuwe verkiesings vir die Sowjette aangedring, asook op vryheid van spraak vir ander linkse partye, vryheid vir vakbonde, die vrylating van linksgesinde politieke gevangenes, die einde van voedselrekwisisies en ondersoeke by padversperrings, die reg van kleinboere om grond te besit en vryheid van produksie vir ambagsmanne.

BRON 1E

'n Uittreksel oor die Nuwe Ekonomiese Beleid uit *Russia and the USSR 1905 - 1941* deur J Murray.

Lenin het gesê dat die Kronstadt-opstand 'die weerligstraal was wat die realiteit geopenbaar het'. Hy het geweet dat hy iets moes doen om die ekonomiese situasie in Rusland te verbeter. Indien hy dit nie doen nie, sou die Kommunisme nie oorleef het nie. In 1921 het hy 'n Nuwe Ekonomiese Beleid (NEB) ingestel.

Lenin het gesê dat die NEB die Sowjet-Unie 'n 'blaaskans' sou gee om weer op sy voete te kom. Maar baie Kommuniste was kwaad oor wat hulle as 'n terugkeer na kapitalisme beskou het. Hulle het nie daarvan gehou dat 'die maak van wins' die hoofdryfkrag vir kleiner industrië was nie. Hulle het nie daarvan gehou dat die base van fabrieke of kulakke (ryk kleinboere) werkers kon huur om vir hulle te werk nie. Dit het net te veel soos die terugkeer na die ou dae gevoel.

Die Kommuniste het veral nie van die nuwe handelaars wat in die stede verskyn het, gehou nie. Hierdie 'manne van die Nuwe Ekonomiese Beleid' ('NEPMEN'), soos wat hulle genoem is, het groot wins gemaak deur voedsel en goedere goedkoop aan te koop en dit dan duurder te verkoop. Hulle was middelmanne wat, soos die Kommuniste dit gesien het, geld uit ander se arbeid gemaak het. Maar hulle het dit reggekry om goedere op die winkelrakke te laat verskyn in groter hoeveelhede as wat in jare gesien is. Hulle het ook restaurante geopen en reuse bedrae geld verdien uit eiendomstransaksies en dobbelary.

Lenin het die Party oorreed om die Nuwe Ekonomiese Beleid voorlopig te aanvaar. Die meerderheid het besef dat hierdie maatreëls nodig was om die nywerheidsektor te laat herleef en voedselproduksie te laat toeneem.

VRAAG 2

WATTER IMPAK HET DIE GROOT DEPRESSIE VAN 1929 OP DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GEHAD?

BRON 2A

'n Uittreksel uit 'n toespraak deur Herbert Hoover, geneem uit *The USA in the Twentieth Century* deur P Lane.

Gedurende sy veldtog het Hooever klem op die groot welvaart wat die meerderheid Amerikaners beleef het, gelê. Hy het beweer dat die belangrikste rede vir hierdie toedrag van sake was dat die regering mense toegelaat het om met hulle eie sake voort te gaan. Hierdie 'geharde individualisme' het die VSA: '*... die land van geleenthede gemaak ... nie bloot danksy sy ... hulpbronne en nywerheidsektor nie, maar danksy vryheid van inisiatief en ondernemingsgees. Rusland beskik oor dieselfde hulpbronne as ons ... maar het nie die voordele van ons maatskaplike stelsels geniet nie.*'

Deur by die beginsels van selfregering, vryheid, gelyke geleenthede en vryheid vir die individu te bly, het ons Amerikaanse eksperiment, 'n vlak van welvaart behaal wat nêrens anders in die wêreld geëwenaar is nie. Dit het die mensdom nader aan die afskaffing van armoede en die wegdoen van vrees vir gebrek gebring as ooit te vore.

Hoover het onderneem om hierdie beleid van nie-inmenging voort te sit; hy was, het hy gesê, oortuig dat welvaart steeds sou toeneem totdat armoede uitgewis was en daar 'n 'hoender in elke pot en twee motors in elke motorhuis was'. Hoover se optimisme het nie onrealisties gelyk as 'n mens kyk na die VSA se sterk groei gedurende die 1920's nie. In 1929 het 'n vooraanstaande sakeman die Amerikaners meegedeel dat hulle maar net 'aan die begin van 'n tydperk was, wat later in die geskiedenis as 'n goue eeu beskryf sou word'. Die meeste Amerikaners het met hom saamgestem. Dit is dus nie verrassend dat Hoover die 1928-verkiesing gewen het nie; waarom sou die Amerikaners van die Republikeine na die Demokrate wou oorslaan?

BRON 2B

Uittreksels uit *Brother can you spare a dime*? Hierdie liedjie was baie gewild gedurende die 1930's. Geneem uit *The Modern World* deur N Kelly en R Rees.

In die vroeë 1930's het talle Amerikaners hulle tot bedelary gewend en mense op straat vir 'n 'dime' ('n tiensentstuk) gevra. Die woorde van hierdie liedjie was 'n treffer in 1932:

Brother can you spare a dime?

They used to tell me I was building a dream
with peace and glory ahead.
why should I be standing in line
just waiting for bread?

Once I built a railroad, made it run
made it race against time.
once I built a railroad, now it's done
Brother can you spare a dime?

BRON 2C

'n Uittreksel uit *The Age of Excess* deur J Broom, waarin die uitwerking van die Wall-straat-ineenstorting en die Groot Depressie beskryf word.

Die Wallstraat-ineenstorting van 1929 het die Groot Depressie in Amerika baie vererger. Talle banke wat hulle klante se geld in aandele belê het, het bankrot geraak. Duisende maatskappye waarvan die aandele nou waardeloos was, moes sluit, wat net nog meer mense werkloos gelaat het.

Teen die winter van 1932 was Amerika kniediep in ekonomiese moeilikheid, soos die syfers hieronder toon:

- Twaalf miljoen mense was werkloos ... 'n kwart van die land se hele werksmag.
- 12 000 mense het elke dag hulle werk verloor.
- 20 000 maatskappye is bankrot verklaar.
- 1 616 banke is gesluit.
- Een boer uit elke twintig het sy grond weens versuim om die verbande terug te betaal, verloor.
- 23 000 mense het selfmoord gepleeg, die grootste jaarlikse syfer in die Amerikaanse geskiedenis.

VRAAG 3

WATTER INVLOED HET AFRIKA- EN AFRIKANERNASIONALISME OP SUID-AFRIKAANSE POLITIEK IN DIE 1930's GEHAD?

BRON 3A

Hieronder is 'n aanhaling deur Gilbert Coka, 'n lid van die Nywerheids- en Handels-werkersvakbond en die Kommunistiese Party van Suid-Afrika ('CPSA').

> Die uur van Afrika-vryheid het aangebreek. Dit waarvoor Toussaint l'Ouverture gely en gesterf het, dit waarvoor Frederick Douglass en Booker Washington gelewe en gesterf het, dit waarvoor Menelik, Tsjaka, Kakana, Lewanika, Lobengula, Langalibalele en ander groot seuns van Afrika gelewe, gely en gesterf het. Die algehele vryheid van swart-mense om op hulle eie manier oor hulle eie lot te beslis, het aangebreek. Die lig van vryheid skitter uiteindelik. In die huidige verwarring oor klas en nasionale belang, kom die vertrapte swartmens tot volle reg. Geregtigheid sal geskied. Swartmense moet gereed wees om hierdie groot geleentheid op vryheid aan te gryp. Hulle moet bereid wees om manmoedig op te tree. Die drome en profesieë van Marcus Garvey, die solidariteit van swartmense regoor die wêreld, word 'n werklikheid. En, afgesien van 'n paar verraaiers, het swartmense die beloofde land - vryheid, gelykheid, geleentheid en geregtigheid - bereik.

BRON 3B

Hieronder is 'n aanhaling uit die ANC Jeugliga se beleidsmanifes wat in *Inkundla ya Bantu* in Mei 1946 gepubliseer is.

> Regoor die wêreld is daar 'n opkoms van nasionalisme in verset teen vreemde oorheersing, oorwinning en onderdrukking: in Indië, in Indonesië, in Egipte, in Persië en verskeie ander lande. Onder swartmense is daar duidelike tekens van nasionale herlewing ... 'n Nuwe gees van Afrika-nasionalisme, of swartmense, is ... aan die roer in die swart gemeenskap. 'n Jong, sterk nasie is besig om gebore te word en na vore te tree. Die nasionale beweging wat deur die nasionale gees aangevuur word, is besig om stukrag en dryfkrag te kry. Afrika-nasionalisme is op die volgende beginsels gebaseer:
>
> 1. Afrika is 'n swartman se land. Afrikane is die boorlinge van Afrika en het Afrika, hul Moederland, nog altyd bewoon; Afrika behoort aan hulle.
> 2. Afrikane is een. Uit die verskillende stamme moet daar 'n verenigde volk na vore tree. Die grondslag van nasionale eenheid is die nasionalistiese gevoelens van die Afrikane, die gevoel van Afrikaan wees ongeag die stamverwantskap, sosiale status, vlak van onderrig of ekonomiese klas ... nasionale vryheid vir die Afrikane, dan sosialisme. Afrikane is van nature sosialisties, soos wat uit hulle sosiale praktyke en gebruike blyk. Die bereiking van nasionale bevryding sal dus 'n nuwe era inlei, die era van Afrika-sosialisme. Ons onmiddellike taak is egter nie sosialisme nie, maar nasionale bevryding ... .

BRON 3C

Die volgende uittreksel oor die 'Centenary of Blood River' is geneem uit *A History of South Africa* deur Martin Roberts.

Die trekkrag van Afrikaner-nasionalisme het duidelik uit die geesdriftige vieringe van die eeufees van die Groot Trek geblyk. Twee ossewaens, gemodelleer op die waens wat in 1838 gebruik is en vergesel deur mans en vrouens in Voortrekkerdrag, het vertrek by die Van Riebeeck-standbeeld in Kaapstad in Augustus en die volgende Desember die terrein van die Voortrekkermonument naby Pretoria, bereik. Waar hulle ookal gegaan het, het groot menseskares bymekaar. Gideon Roos het soos volg vir die Suid-Afrikaan-se Uitsaaikorporasie verslag gedoen:

'U het geen ideee hoeveel emosie dit veroorsaak het nie. Ek het mense in trane gesien weens hierdie golf van intense patriotisme, gegrond op trots oor hierdie romantiese era van ons geskiedenis. Ons het nog nooit 'n simbool gehad nie; die ossewa het daardie simbool geword.'



Die voorblad van die 1938-Eeufeesprogram

ERKENNINGS:

Baker, C. *Russia 1917-1945* (Heinemann Educational) 1990
Bartels, J et al *Shuters History* (Shuter & Shooters Publishers) 2006
Bottaro, J. et al *Oxford in Search of History Grade 11* (Oxford University Press) 2006
Brooman, J. 1992 *The Age of Excess* (New York ; Longman)
Brazier,C. Racism: Shouldering Our Responsibilities(*New Internationalist Magazine*,March 1985)
Culpin, C. *South Africa since 1948* (John Murray Publishers) 2000
Downey, T. et al 2000 *Russia and the USSR 1905-1995* (Oxford; Oxford University Pres)
Fiehn,T. 2005 *Russia and the USSR 1905-1941* (London; John Murray)
Goonam, Dr *Coolie Doctor* (Madiba Publications) 1991
Govender, S.P. et al *New Generation History Grade 11* (New Generation Publishing Enterprises) 2006
Graves, F. et al *Moments in History* (Juta Gariep) 2006
Johnson, W. M. Black Hamites- *Era of African Slavery and Slave Trade(Paper delivered Bethune- Cookman College, USA)*
Kelly, N. 1996 *Russia and USSR 1905- 1956* (Oxford; Heinemann)
Kelly, N. et al 1996 *The Modern World* (Oxford; Heinmann)
Lane, P. 1978 *The USA in the Twentieth Century* (London; Batsford) Leadership vol 10 1991
Meredith, M 2005 *State of Africa: History of Fifty Years of Independence*.(London; J. Ball)
O' Callaghan, D. B 1974. *From Roosevelt and the United States*(London, Longman)
Roberts, M 2001 *South Africa 1948-1994*(China; Longman)
Robertson, J. 1986 *Russia in Revolution*(Oxford; Oxford University Press)
Smith, N. 2000. *The USA 1917- 1980*(Oxford; Oxford University Press)
Sunday Times: History Strikes Back At The British Empire(September 2006)
Waugh, S Essential Modern World History (Canale) 2001
Woods. D. *Nelson Mandela The Illustrated Long Walk to Freedom* (LIttle Brown) 2001
York, B. *The Soviet Union* (Harrap) 1983

Kopiereg voorbehou